# Boodskap van die Departementshoof
# Message by the Head of Department

As die woord "Argitektuurskool" aansprake maak om eerder 'n denkskool of -styl as 'n afrigtingsinrigting te wees, dan kan vereis word dat daar enkele deurlopende goue drade deur die weefsel van die jare kenbaar moet wees. Die vraag is in hoeverre dit vir Tukkies geld.

Een van die identifiseerbare drade is die sterk aanvoeling vir die natuurlike landskap: die landelike, in teëstelling met die stedelike omgewing. Deur die voorbeeld van Willem de Zwaan, Gerhard Moerdijk, Norman Eaton, Robert Schmikl, asook die werk van skilders soos Hendrik Pierneef en Erich Mayer, het daar vroeg reeds 'n tradisie van streekbewuste argitektuur ontstaan wat groot krag en sekerheid uit 'n natuurlike verbondenheid met die grond put - 'n aardsheid wat geen interessantmakery behoef nie. Daarom is die beste werke ook in die woonhuisargitektuur te vinde.

Despite Pretoria's successful transformation from Voortrekker town to Republican capital, which was modelled on a designed street space similar to Haussmann's Paris, we ex-Tukkies have yet to make any spontaneous link with the initiative of Wierda as far as scale and urban design are concerned. In similar vein to other South African cities, the influence of the Victorian era and the International Style is still prevalent, and urban buildings done by many of our ex-students try to exist in splendid isolation.

'n Verdere goue draad wat verwant is aan die eerste, is die betreklike onafhanklikheid van die telkens gangbare teorieë of ideologieë. Daar bestaan 'n gesonde skeptisisme teenoor die al te abstrakte wêreld. Tukkies se vroeëre en latere oud-studentewerk is derhalwe om verskillende redes nie so maklik katalogiseerbaar nie. In teëstelling met ander "argitekskole" was daar deur die jare min klem op propagandistiese veldtogte, skakings van redakteurskappe en diesmeer. 'n Gevolg van hierdie houding was dat van die vroeër Oud-Tukkies hul oor die algemeen eerder as praktiserende argitekte dan as redenaars of skrywers beskou het. Dit is ongelukkig waar dat ons in liggame soos die Instituut van Argitekte en die Raad op Argitekte heeltemaal onderverteenwoordig was. 'n Mate van pragmatiese intellektuele gemaklikheid het moontlik 'n rol gespeel.

A third golden thread is the tradition of proficiency in building science. An understanding of materials and the use of tools have always been self-evident, and can be seen in Tukkie designs, especially in the evolution of detail. Architecture as art rests on the solid foundation of workmanship. The fact that this is the case in work of ex-Tukkies is possibly related to the fact that most of the representatives of the old guard came from a rural background, where a sense of practicality prevailed. Furthermore one should also take into account the major contribution to the profession by Dutch builders and artisans in the region.

Tot nog toe het die Tukkies oorwegend argitektuur bestudeer om die beroep - selfs roeping - van argitek te volg. 'n Onderskeidende kenmerk van die skool was 'n geslaagde balans in die aandag wat aan die mens- en natuurwetenskappe geskenk is. In die jongste jare het daar 'n professionalisering in die onderrig plaasgevind wat in die akademiese gees, navorsing en hoër kwalifikasies van die personeel sigbaar is. Tegelykertyd was daar 'n toename van damestudente wat die dissipline argitektuur bestudeer, asook in studente wat nie noodwendig in die beroep wil staan nie. Toenemend kom studente uit 'n verstedelikte agtergrond en het televisie met die moedersmelk ingekry. Anders as voorheen is hamer en spykers dus vlietende elektroniese beelde en nie iets wat aan jou blou duimnael ervaar is nie. Ons nuwe geslag stu-dente is in verhouding tot hul voorgangers baie vaardiger met die mond en meer bedrewe in die teorieë. Hulle is verder beslis verdag op die stedelike konteks maar minder gepla oor sake soos spelling en tipografie. Die klemverskuiwing van die argitektuurkuns as ruimte-ontwerp na fasade-ontwerp is deur die afgelope post-modernisme oorsee voorafgegaan. Daar bestaan rede om te hoop dat hierdie tendens plaaslik die onderbroke tradisie van stadsontwerp sal laat hervat, al is dit soms ten koste van die opspraakwekkendheid van die afsonderlike gebou.